9/2/084/1

VELDWAGTERSRIVIER PROJEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

SEPTEMBER 1995

DEPARTEMENT ARGEOLOGIE

## INHOUD

INLEIDING 1

KULTUURBRONBESTUUR EN DIE VELDWAGTERSRIVIERAREA 2

*KULTUURBRONBESTUUR* 2

*DIE VELDWAGTERSRIVIERAREA* 3

AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BESTUUR VAN KULTURELE HULPBRONNE IN DIE VELDWAGTERSRIVIER AREA 4

ERKENNINGS 6

BIBLIOGRAFIE 6

## INLEIDING

Die Veldwagtersrivier projek beoog om wetenskaplike data in die opvanggebied in te samel om sodoende 'n haalbare plan vir effektiewe bestuur en bewaring in die gebied op te stel. Die argeologiese komponent behels 'n ondersoek na die kultuurbronne in die vallei om te bepaal wat die impak van moontlike toekomstige ontwikkeling daarop sal wees. Die kulturele hulpbronne in die gebied wissel van steentydperk artefakte tot historiese en moderne nedersettings.

## KULTUURBRONBESTUUR EN DIE VELDWAGTERSRIVIERAREA

### *KULTUURBRONBESTUUR*

Kultuurbronbestuur word gedefinieer as die geintegreerde toepassing van bestuursvernuf om sekere doelstellings wat deur die politieke proses daargestel word, aangaande die bewaring van belangrike aspekte van die kultuurerfenis van die staat se bevolking, te vermag. Die doel daarvan is om effektiewe beskerming en verantwoordelike bestuur van kultuurbronne te bewerkstellig (Lipe 1977; Fowler 1982; Schiffer & Gumerman 1977 & Cleere 1989). Kultuurbronne is daardie fisiese eienskappe, beide natuurlik en mensgemaak wat geassosieer word met menslike aktiwiteite en sluit in vindplase, strukture en voorwerpe wat oor 'n betekenis inhoud beskik. Dit is ook belangrik om te let dat kultuurbronne nie-hernubare hulpbronne is (Fowler 1982).

'n Belangrike aspek van kultuurhulpbronne is dan hulle vermoe om te dien as tasbare skakel met die verlede op 'n manier wat nie deur geskrewe en mondelinge geskiedenis geewenaar kan word nie (Lipe 1985). Kultuurbronne neem deel in beide die hede sowel as die verlede. Die bestaan daarvan verskaf vir die waarnemer die subjektiewe kennis

dat hy soos direkte kontak met die verlede gehad het. Dit is hierdie kwaliteit wat kulturele hulpbronne belangrike simbole van die verlede maak (Lipe 1985). Hierdie visie van die verlede wat die waarnemer ondervind is egter hoogs gekondisioneerd deur sy eie kennis van die verlede of die kennis wat aan hom voorsien word by die kultuurbron self (Lipe 1985).

Argeologie is vandag nog nie vry van die invloed van politieke ideologie nie. Die ontwikkeling van Argeologie asook die bewaring en beskerming van die argeologiese kultuur erfenis is nou ineengeskakel met verskeie politieke ideologieë bv. nasionalisme, sosialisme, kolonialisme en Islamietiese fundamentalisme (Kristiansen 1989). So byvoorbeeld het die koloniale era in Afrika die kulturele kontinuïteit van 'n staat soos Zimbabwe verbreek. Kultuurbronbestuur het juis hierdie gaping in kontinuïteit geskep deur kolonialisme oorbrug (Cleere 1989).

Suid-Afrika het ook deur 'n tydperk van kolonialisme gegaan wat vererger is deur die apartheid sisteem. Die gevolg daarvan was dat verskeie volke in Suid-Afrika 'n duidelike gaping in hulle kulturele kontinuïteit gehad het. Suid-Afrika is tans besig om deur 'n proses van transformasie te gaan. Ten einde nasionale rekonsiliasie te bewerkstellig, bestaan daar 'n behoefte om gemeenskaplike simbole van nasieskap te vind. Dit is juis hier waar kultuurbronbestuur 'n belangrike bydrae kan maak.

*DIE VELDWAGTERSRIVIERAREA*

Derde jaar studente, onder leiding van nagraadse studente, het as deel van hulle praktiese opleiding,

weeklikse opnames gemaak aangaande die kultuurbronne in die Veldwagterrivier opvangsgebied.

Die plase Middelvlei, Fransmanskraal, Champagne, Waterkloof en Altavona is ondersoek vir die voorkoms van steentydperk oorblyfsels. Op Middelvlei was daar 'n redelike digte voorkoms van Acheuliaanse artefakte, soos tipiese handbyle en handbyle, gevind. Afleidings van menslike gedrag van daardie tydperk is problematies aangesien die voorkoms geologies versteur is in die afgelope ±500 000 jaar. Tog, aangesien alle Suid-Afrikaanse Acheuliaanse vindplase 'n nou verbintenis met riviere en riviervalleie het, aanvaar ons dat die benutting van die bronne van die Veldwagterrivier belangrik was. Op Fransmanskraal, Waterkloof en Altavona is geen Acheuliaanse vindplase gevind nie. Seddon (1967:36) dui aan dat hy Acheuliaanse artefake op Altavona gevind het, maar ten spyte van 'n ekstensiewe ondersoek, is geen Acheuliaanse artefakte opgespoor nie.

Die historiese huise op die plase Champagne en Middelvlei is bestudeer. Die Champagne (vroeër Dwars-in-den-weg) huis is moontlik die oudste huis in die vallei en grens aan die Veldwagterrivier. Die huis self is tans H-vormig en is volgens die Kaaps Hollandse styl gerestoureer alhoewel dit oorspronklik 'n Kaap-Hollandse T-vorm met Victoriaanse kenmerke was. Die wynkelder dateer moontlik vroeër as die huis en 'n deel van die kraal dateer tot die 19de eeu. Die pad het oorspronklik tussen die huis en die Veldwagterrivier verbygeloop. Die dam op Fransmankraal is op die 1860 titelakte aangebring, maar reeds voor daardie tyd was die Veldwagterrivier die belangrikste bron van water. Die Dwars-in-den-Weg huis is van groot historiese belang. Die bewoning van die rivierarea self is van groot belang en dra by tot die belangrikheid van die huis.

Die Middelvlei huis is beskryf maar geen historiese navorsing is gedoen nie. Die werf is heeltemal gerestoureer en die geboue daarop is beide oud en modern. Die Victoriaanse woonhuis (1905) en die wynproelokaal (perdestal) is ten volle gemoderniseer. Tussen die woonstal en die motorhuis is die fondasies van die oorspronklike plaashuis nog sigbaar. (Volledige verslae oor die pre-historiese en historiese vindplase in die gebied onderskeidelik aangeheg per aanhangsel A & B).

## AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BESTUUR VAN KULTURELE HULPBRONNE IN DIE VELDWAGTERSRIVIERAREA.

Aan die hand van die argeologiese ondersoek van die Veldwagtersrivierarea is dit duidelik dat geredelik waardevolle kultuurbronne in die area bestaan. Die kulturele bronne, in die vorm van pre-historiese vindplase en historiese plaaswerwe wat op die Veldwagtersrivier geleë is, dra by tot die waarde van die rivier. Dit is veral insiggewend dat die opvangsgebied 'n lang bewonings rekord het wat teruggedateer kan word tot bykans 1500 000 jaar voor die hede. Die Veldwagtersrivier was dus 'n belangrike skakel in die mens se bewoningsrekord van die gebied.

Die Her-opbouings en Ontwikkelings Program (HOP) maak ook gunstige aannames t.o.v. kultuurbronne onder paragrawe 3.4.3.1/2/3/4 en 6 wat die promosie, beskerming en ontwikkeling van die nasionale kultuur erfenis voorstaan. Die argeologiese komponent van die Veldwagtersrivier kan 'n aansienlike bydrae op hierdie gebied maak. Vanweë die uitstekende bruikbaarheid van argeologiese vindplase as opvoedkundige medium kan dit deur onderwysers in die area gebruik word om die nasionale kultuur erfenis aan alle bevolkingsgroepe uit te dra. Veral die pre-historiese vindplase in die area kan met sukses aangewend word

omrede dit nie slegs een bepaalde bevolkingsgroep se erfenis verteenwoordig nie. Die Veldwagtersrivierarea maak 'n klein gedeelte van die Wes-Kaap uit. Soortgelyke projekte kan uitgebrei word na ander gebiede in die Wes-Kaap. Dit sal inwoners en veral skoolkinders bewus maak van die tasbare skakels van die verlede in hul onderskeie gebiede. Hierdie sal ook voordelig wees in die lig van toekomstige veranderings in die geskiedenis sillabus.

Die kulturele hulpbronne hou ook verskeie voordele in vir wynboere in die Veldwagtersrivierarea. Toerisme speel 'n kardinale rol in die ekonomie van die Wes-Kaap. Die kultuurerfenis dien ook as 'n ekonomiese basis van toerisme. Argeologiese toerisme ("Archaeo-tourism") is ook besig om aansienlik populêr onder buitelandse toeriste te word. Dit staan die wynboere in die omgewing vry om as deel van wyntoere en promosie van hul plase, inligting aangaande die pre-historiese en koloniale bronne op hul plase te verskaf.

Inligtingsborde kan moontlik opgerig word en die uitstalling van klipwertuie kan gepoog word as die nodige fondse bestaan. Hierdie sal egter in oorleg met die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede moet geskied omrede daar sekere wetgewende beperkings ten opsigte van pre-historiese artefakte bestaan [ Art.12 (2a), Wet 28 van 1969]. Die Raad sal egter tegemoedkomend in hierdie geval wees gesien in die lig van die opvoedingswaarde wat so 'n uitstalling sal dra. Artefakte afkomstig vanuit die pre-historiese vindplase is ook nie meer in situ nie en is die wetenskaplike waarde van die vindplase vernietig (sien aanhangsel A).

## BEDANKINGS

Graag word Gilbeys en die Stellenbosch Munisipaliteit bedank vir die finansiele ondersteuning waarsonder hierdie komponent van die Veldwagtersrivier projek nie moontlik sou wees nie. Dank word ook betuig aan deelnemende studente en personeel van die Universiteit van Stellenbosch.

## BIBLIOGRAFIE

Cleere, H.F. (ed). 1989. Archaeological Heritage Management in the Modern World. London. Unwin Hyman.

Fowler, D.D. 1982. Cultural Resource Management. In Advances in Archaeological Method and Theory, vol 5. New York.

Kristiansen, K. 1989. Perspectives on the archaeological heritage: history and future. In Cleere, H.F. (ed). Archaeological Heritage Managment in the Modern World. London

Lipe, W.D. 1977. A Conservation Model for American Archaeology. In Schiffer, M.B. & Gumerman, G.J. (eds), Conservation Archaeology. A guide to Cultural Resource Management Studies. New York.

Lipe, W.D. 1985. Value and Meaning in Cultural resources. In Henry Cleere (ed), Approaches to archaeological heritage. Cambridge University Press.

Schiffer, M.B. & Gumerman, G.J. (eds) 1977. Conservation Archaeology. A Guide for Cultural Resource Management Studies. New York.

Seddon, J.D. 1967. Some Early Stone Age surface sites around Stellenbosch, S.W. Cape. South African Archaeological Bulletin 22:57-59.